Sondag **18**

**SKRIF- EN FOKUSGEDEELTE: GENESIS 49:13; RIGTERS 1:30; MATTEUS 4:12-16**

**Sebulon – Maak 'n verskil**

Sebulon was die tiende seun van Jakob, sy sesde by Lea (Gen. 30:19-20). Jakob het gesê wat met Sebulon se nageslag sal gebeur: "Sebulon sal woon by die strand van die see; en hy sal by die strand van skepe wees, met die sykant na Sidon toe" (Gen. 49:13, OAV). Toe die Israeliete Kanaän ingeval het en die land verdeel is, het Josua die gebied oos van Sidon aan Sebulon toegewys. Sebulon se naam beteken letterlik "woning" of "woonplek".

In plaas daarvan dat hulle al die Kanaäniete uitroei – soos God beveel het, het hulle hierdie heidene gebruik vir slawe (Rigt. 1:30). Sidon was 'n Feniciese (Kanaänitiese) hawestad aan die kus van die huidige Libanon. Daar was baie ervare vakmanne wat beeldjies van ivoor, goud en silwer (en óók afgodsbeeldjies van Baäl en Astarte), juweliers- en glasware gemaak en uitgevoer het. Sekularisme (verwêreldliking). Die verleiding van rykdom het Sebulon se mense oorval, en baie van hulle tot sonde verlei.

God was egter die gebiede van Sebulon en Naftali besonder genadig. In ons Here Jesus het God sy Koningsheerskappy op aarde kom sigbaar maak! Die grootste deel van Jesus se lewe het Hy in Galilea (in die gebiede van Sebulon en Naftali) gewoon en gewerk (Matt. 4:13-16). Dáár het die lig vir God se volk deurgebreek (Jes. 8:23 – 9:2). Dáár het Jesus sy eerste preek (Bergrede) gepreek, en baie mense uit die omgewing het na Hom kom luister. Dáár het Hy sy dissipels geroep, en hulle uitgestuur om die evangelie van God se liefde, die wêreld in te dra (Matt. 28:19)!

Jou en my roeping is om in die wêreld 'n merkbare verskil te maak – sout en lig te wees waar ook al God ons geplaas het, sonder om van die wêreld te wees.

*Ds. OA (Ockert) Oosthuizen (Windhoek-Suid)*